Ontmoeting 24 Die dogtertjie van Jaïrus

"Dit is nooit te laat nie."

Teks: Markus 5:21–24 en 35–43

Hulpmiddels: Afdrukke van die horlosie patroon vir elke kind
"Split pins"
Skryfbehoeftes en skêre

WELKOM

Speel:

1. "Wolf, Wolf, hoe laat is dit?" Jy loop voor en die kinders volg jou deur die vertrek terwyl hulle die hele tyd vra: "Wolf, Wolf, hoe laat is dit?" Jy noem 'n tyd.

Wanneer jy antwoord met "12:00", is dit etenstyd en probeer jy een van die kinders vang. Die een wat gevang word, is die volgende wolf.

2. Maak 2–2 maats. Een kind lê soos 'n stok-mannetjie styf op die vloer. Die ander maat moet by sy voete staan en sy voete teen die maatjie wat lê se voete druk. Nou moet hy probeer om die een wat lê, aan die hande regop te trek. Ruil om sodat albei 'n kans kry om van die vloer af opgetrek te word.

Sing:

"Stand up and shout it" / "Staan op en sê nou"

"Our God is a big, big God"

WYDING

Stilword-ritueel: Soos by die vorige ontmoetings

Temalied: "Jesus be the center"

Gebed: Gebruik Psalm 136:1–9 as 'n eggo gebed waar die leier elke keer die eerste sin lees en die kinders eggo met die woorde: "Aan sy liefde is daar geen einde nie".

1 Loof die Here, want Hy is goed.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

2 Loof die oppermagtige God.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

3 Loof die magtigste van alle maghebbers.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

4 Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

5 Hy het die hemel met soveel insig gemaak.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

6 Hy het die aarde op die waters gevestig.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

7 Hy het die groot hemelligte gemaak,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

8 die son om te heers oor die dag,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

9die maan en die sterre om te heers oor die nag.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

AMEN

WOORD

Gebruik die teks van Markus 5:21–24 en 35–43 en beeld die storie uit met die kinders in jou groep. Jy het 8 karakters nodig en die res van jou groep kan die skare en die hartseer mense wees. Die karakters wat geïdentifiseer word, is: Jesus, Jaïrus, 'n raadslid wat die slegte nuus bring, die dogtertjie, haar ma (die dogtertjie kan lê terwyl die ma sit en huil), Petrus, Jakobus en Johannes. Die kinders dink na oor die verhaal:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.

3. Ek wonder wie is jy in die storie.
4. Ek wonder of daar ‘n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie.

WERSKAF

Berei horlosiewiele voor. (Die patroon word verskaf). Op die onderste wiel kan die kinders die dinge neerskryf wat mense hartseer maak en laat huil. Laat hulle met ‘n “split pin” die boonste wiel met die uitgesnyde skyfie op die onderste wiel vasmaak. Skryf op die boonste wiel: “Vir Jesus is dit nooit te laat nie.”

of

Miskien wil jy vir Jesus skryf of teken oor iets wat vir jou voel of dit te laat is om te verander.

Sluit af met die seënbede.